# <u>Die ontstaan van die Kerk</u>

## <u>(001 – Satan se nederlaag en strategie van leuens)</u>

2000 jaar gelede gebeur daar iets in Jerusalem wat die duiwel onkant vang:

1. Die profesieë ontknoop nie soos wat hy dit verstaan het nie.
2. Sy toegang tot die hemele word ingeperk.

*Openbaring 12:3-18 En 'n ander teken het in die hemel verskyn, en daar was 'n groot vuurrooi draak met sewe koppe en tien horings, en op sy koppe sewe krone; 4 en sy stert het die derde van die sterre van die hemel meegesleep en hulle op die aarde gegooi. En die draak het gestaan voor die vrou wat op die punt was om te baar, sodat hy haar kind sou verslind sodra sy gebaar het. 5 En sy het 'n manlike kind gebaar, wat al die nasies met 'n ystersepter sou regeer; en haar kind is weggeruk na God en sy troon. 7 En daar het oorlog in die hemel gekom: Mígael en sy engele het oorlog gevoer teen die draak, en die draak en sy engele het oorlog gevoer; 8 en hulle kon nie oorwin nie, en hulle plek was in die hemel nie meer te vinde nie. 9 En die groot draak is neergewerp, die ou slang wat genoem word duiwel en Satan, wat die hele wêreld verlei, hy is neergewerp op die aarde, en sy engele is saam met hom neergewerp. 10 Toe hoor ek 'n groot stem in die hemel sê: Nou het die heil en die krag en die koningskap die eiendom van onse God geword, en die mag van sy Christus; want die aanklaer van ons broeders is neergewerp, hy wat hulle aanklaag voor onse God, dag en nag. 11 En hulle het hom oorwin deur die bloed van die Lam en deur die woord van hulle getuienis, en hulle het tot die dood toe hulle lewe nie liefgehad nie. 12 Daarom, wees verheug, o hemele en die wat daarin woon; wee die bewoners van die aarde en die see, want die duiwel het na julle neergedaal met groot woede, omdat hy weet dat hy min tyd het.*

Hy roep 'n noodvergadering saam met sy bose geeste en moet dringend sy strategie en toekoms-beplanning aanpas.

1. Die profesieë moet herinterpreteer word.
2. Die doel van Christus dood moet verstaan word.
3. Nuwe profesieë moet in diepte bestudeer word om te probeer verstaan wat die Almagtige se beplanning is.
4. Planne moet in plek gebring word om God se werk teë te staan, maar eers moet ontdek word wat God strategie en beplanning is.

Daar is chaos in die geledere van die Satan, want dit wat hy beskou het as sy grootse triomf ooit, naamlik om Yahshua dood te maak, het nou uitgedraai in die grootste terugslag.

Hy stuur al sy bose geeste uit om so veel as moontlik inligting van God se beplanning in te samel. Hulle metode is:

1. Om die dissipels dop te hou en te luister na hulle gesprekoninkryke en uit te vind wat Yahshua gesê het toe Hy nog op die aarde was.
2. Om so veel as moontlik uit te vind wat Yahshua se opdragte aan sy volgelinge was en te probeer bepaal wat God se beplanning daarmee is.

(Die Satan is die teenstander van God wat sy eie troon gelykgestel het aan die Almagtige se troon. Hy is van sy posisie onttroon en sy heerlikheid het hom verlaat en al wat in hom oorgebly het, is duisternis.)

*Eségiël 28:13-18 Jy was in Eden, die tuin van God; allerhande edelgesteentes was jou bedekoninkryking: karneool, topaas en jaspis, chrisoliet, oniks, sardoniks, saffier, karbonkel en smarag; en van goud was die werk van jou kassies en groewe aan jou; op die dag toe jy geskape is, is hulle berei. 14 Jy was 'n gérub met uitgespreide vlerke wat beskut, en Ek het jou gestel op 'n heilige berg; 'n god was jy; jy het gewandel tussen vurige gesteentes. 15 Jy was volkome in jou weë van die dag af dat jy geskape is, **totdat** daar ongeregtigheid in jou gevind is. 16 Weens die grootheid van jou koophandel het hulle jou binneste met geweld gevul, en jy het gesondig; daarom het Ek jou as onheilige van die godeberg afgedrywe, en Ek het jou tussen die vurige gesteentes uit vernietig, o gérub wat beskut! 17 Hoogmoedig het jou hart geword oor jou skoonheid; jy het jou wysheid verderwe weens jou glans. Ek het jou op die grond gewerp, Ek het jou oorgegee voor die aangesig van konings, dat hulle op jou neer kan sien. 18 Weens die menigte van jou ongeregtighede, deur die onreg van jou koophandel, het jy jou heiligdomme ontheilig; daarom het Ek 'n vuur uit jou binneste laat uitgaan; dit het jou verteer, en Ek het jou tot as gemaak op die aarde voor die oë van almal wat jou gesien het.*

Hy is die vader van die leuen en daar is geen waarheid in hom nie. Hy het twee sondelose, goddelike mense met sy geoefende en geslepe leuentaal oortuig dat hulle Skepper hulle bedrieg deur inligting van hulle te weerhou, wat hulle in staat sou stel om soos God te wees. Dit was maar net een van sy prestasies met leuens, want hy was reeds in staat om 'n derde van die engele van God te oortuig dat hy die vermoë het om God te onttroon.

Die waarneming van die Satan se spioene was die volgende:

1. Die waarheid sal die kinders van God vrymaak en omdat hy die vader van die leuen is en sy koninkryk deur leuens funksioneer, is dit vir hom eenvoudig om hierdie verlossingsplan van die Almagtige te neutraliseer. As die waarheid hulle vry maak, en hulle bly op die aarde waar hy die god is, dan sal hy eenvoudig net sy koninkryk se vermoë gebruik om die waarheid te verander na leuens, sonder dat die mense dit weet. Dit is waarin hy spesialiseer en hy het dit al baie gedoen en was suksesvol. Hy moet dus net uitvind wat die waarheid van die verlossingsplan is en dit verander, of selfs net besoedel.

*Lukas 21:8  En Hy antwoord: Pas op dat julle nie mislei word nie; want baie sal onder my Naam kom en sê: Dit is ek! en: Die tyd is naby! Gaan dan nie agter hulle aan nie.*

*2 Petrus 2:1-3  Maar daar was ook valse profete onder die volk, net soos daar onder julle valse leraars sal wees wat verderflike ketterye heimlik sal invoer, en ook die Here wat hulle gekoop het, verloën en 'n vinnige verderf oor hulleself bring;  2  en baie sal hulle verderflikhede navolg, en om hulle ontwil sal die weg van die waarheid gelaster word;  3  en uit hebsug sal hulle met verdigte woorde voordeel uit julle trek. Oor hulle is die oordeel van lankal af nie werkeloos nie, en hulle verderf sluimer nie.*

2. Hoewel Yahshua opgevaar het, gaan Hy voort met sy werk op die aarde deurdat Hy sy volgelinge bemagtig deur sy eie Gees binne in hulle harte uit te stort en hulle in staat stel om sy werk te volbring. Vir die Satan en sy volgelinge is dit onduidelik hoe dit gebeur, want dit gebeur nie met hulle nie. Die volgelinge van Yahshua het dus bomenslike vermoë waarvan die Satan geen kennis het nie en nie weet hoe dit werk nie. Hierdie situasie skep vir die Satan 'n groot krisis, want nou werk die Gees van God in die mense se harte en hy het geen insae of invloed daarin nie.

   Yahshua praat van sy gemeente en gee hulle die opdrag om sy evangelie van verlossing te verkondig aan sy volk. Die Satan is uitgesluit van hierdie liggaam en kry nie toegang nie. Hy veroorsaak dat die gemeente vervolg word, maar die effek is dat hulle net meer ywerig word.

   Om hierdie Geesvervulde liggaam van Yahshua te keer, mobiliseer hy 'n paar aksies.

   1. Voorkom dat Yahshua se volgelinge weergebore word, sodat hulle nie die Heilige Gees kan ontvang nie. Sonder die leiding van die Heilige Gees in die gemeente, sal die mense nie in staat wees om die geopenbaarde woord van God te hoor nie, omdat die Gees nie in hulle is nie en hulle sal verplig wees om Geestelike met vleeslike te vergelyk. Hulle sal geen openbaring van God se verborgenhede kry nie en die gevolg is dat hulle die verborgenhede van God met hulle verstand sal moet bedink.

*1 Korinthiërs 2:7-8  Maar ons spreek die wysheid van God, wat bestaan in verborgenheid wat bedek was en wat God van ewigheid af voorbeskik het tot ons heerlikheid,  8  wat niemand van die heersers van hierdie wêreld geken het nie—want as hulle dit geken het, sou hulle die Here van die heerlikheid nie gekruisig het nie—*

*1 Korinthiërs 2:10-14  Maar God het dit aan ons deur sy Gees geopenbaar, want die Gees ondersoek alle dinge, ook die dieptes van God.  11  Want wie van die mense weet wat in 'n mens is, behalwe die gees van die mens wat in hom is? So weet ook niemand wat in God is nie, behalwe die Gees van God.  12  Ons het ewenwel nie die gees van die wêreld ontvang nie, maar die Gees wat uit God is, sodat ons kan weet wat God ons uit genade geskenk het.  13  Daarvan spreek ons ook, nie met woorde wat die menslike wysheid leer nie, maar met dié*

*wat die Heilige Gees leer, sodat ons geestelike dinge met geestelike vergelyk. 14 Maar die natuurlike mens neem die dinge van die Gees van God nie aan nie; want dit is vir hom dwaasheid, en hy kan dit nie verstaan nie, omdat dit geestelik beoordeel word.*

2. Yahshua noem hierdie volgelinge van Hom, wat sy eie werk op die aarde voortsit, "sy liggaam" of "sy gemeente". Hulle is die wat die lig wat die waarheid skyn op 'n donker plek. Hulle is die wat die leuens waarmee die Satan die wêreld beheer, ontbloot. Hulle is die wat die evangelie van verlossing verkondig aan die kinders van God wat deur die Satan in kerkers toegesluit is, wat dan hulle verlossing veroorsaak. Hierdie mense het die volle wapenrusting van God aan en maak groot skade vir die Satan se koninkryk. Sy oplossings is om die liggaam van Yahshua te verander in 'n mensgemaakte organisasie wat vasgevang is in dogma en menslike filosofie en leringe wat so min as moontlik waarheid in het, sodat dit die lede nie kan bevry nie en hulle ook nie in staat stel om die werke van die satan te verbreek nie. Sy metode is om die gemeente self te kaap deur dit van binne te infiltreer en dan vreemde, verderflike ketterye aan te bied in die plek van die woorde van God, wat in staat is om ons siele te red.

Die Satan is slim, hy weet dat die gemeente 'n doel het en as hy die doel kan verydel het die gemeente gefaal. Iemand wat vir rehabilitasie gaan, se doel is om van sy verslawing genees te word. Iemand wat die trein gebruik om Kaapstad toe te gaan, se doel is om in die Kaap aan te kom. Ons moet eers weet wat die doel van die gemeente is, voordat ons kan bepaal of ons besig is om die doel te bereik en of die Satan daarin geslaag het om ons besig te hou met sý weergawe van die gemeente.

Meer as 200 jaar nadat Yahshua opgevaar het sien die Satan sy geleentheid om die liggaam van Christus (die gemeente) te verander in 'n organisasie (die kerk) toe 'n keiser van die magtige Romeinse Ryk, Konstantin, die Christene se aanbidding van YHWH verklaar het as een van die amptelike godsdienste van die Romeinse Ryk.

Daar het 'n geweldige vermenging van Pagan godsdiens en Christelike aanbidding plaasgevind. Die uiteinde was dat 'n grootliks Pagan godsdiens voortgesit was, met Christelike benamings en karakters. Die liggaam van Christus was getransformeer in die Romeins-Katolieke Kerk.

Die doel waarvoor die gemeente deur Yahshua begin was, was totaal verander en die oorspronklike doel was vergeet. Ander waardes en beginsels is aan die kerkorganisasie toegeskryf. Verlossing was nou nie meer uit genade deur Yahshua nie, maar deur die onderhouding van sakramente wat net deur die kerk bedien kan word.

Die sewentig dissipels wat in die bovertrek in Jerusalem deur die Heilige Gees op Pinksterdag vervul was, was die eerste lede van die liggaam van Christus wat gefunksioneer het in dít wat hulle opdrag was. Uit hulle het baie ander gekom wat net een doel voor oë gehad het en dit was om die verlossing wat daar in Christus vir die mense is, te vertel wat dit nie weet nie.

Die einddoel van ons geloof is die saligheid van ons siele en daarom het hulle hul nie besig gehou met dinge wat nie met die saligheid van hulle siele, of die van hulle naaste se siele te doen het nie. Die gemeente het gefunksioneer soos wat die Hoof van die gemeente, Yahshua, dit bepaal het <u>en dit is die bloudruk waarheen ons altyd kan teruggaan om te sien wat van ons verwag word.</u>

Al hierdie gebeure het in die tyd en agtergrond van die Romeinse Ryk gebeur. Vir die Romeine was die Christelike geloof vreemd en hulle het nie van nuwe gelowe gehou nie en veral nie van 'n geloof wat in net een God glo nie.

Die beginsel wat Pagan godsdiens gehad het, is dat dit ander gode kon insluit by hulle godsdiens. Wanneer hulle dus 'n ander nasie oorwin in oorlog, het hulle na daardie nasie se gode gekyk en wanneer hulle 'n god onder daardie nasies sien wat vir hulle 'n voordeel sou inhou, het hulle daardie god in hulle godsdiens ingebring. Wanneer 'n ander nasie se god ooreenstem met wat hulle reeds het, sou hulle die nuwe god net as deel van hulle bestaande godsdiens maak, wat beteken "Zeus", wat 'n Griekse god was, is "Jupiter" vir die Romeine.

Nadat die Christelike godsdiens met die Pagan godsdiens verenig is, het baie van die Pagan geloof agtergebly in die Rooms-Katolieke Kerk en dit is vandag nog sigbaar in hulle geloof. Ongelukkig is dit nie waar dit gestop het nie, maar as ons na al die ander kerke van die wêreld kyk, sien ons dat daardie Pagan gelowe op baie plekke in gewone kerke uitslaan.

Die oorspronklike Christelike geloof was nooit 'n keuse omdat dit gewild was nie, maar <u>**God het daagliks by die gemeente gevoeg die wat gered was**</u>[*Handelinge 2:47*]. Die Christelike geloof het nooit oor 'n organisasie met lede en belang gegaan nie, maar slegs mense met 'n gemeenskaplike geloof wat 'n opdrag gekry het om die evangelie van die koninkryk van God te gaan verkondig.

In die tyd van keiser Konstantin (306Nc.) het daar egter baie groot veranderinge in die gemeente van Christus gebeur. Hy maak nie die Christelike geloof die amptelike godsdiens van die Romeinse Kerk nie, maar een van die godsdienste van die Romeinse Kerk. Met hierdie gebeurtenis verander die gemeente van 'n geloof, na 'n godsdiens.

Vir tweehonderd en vyftig jaar is daar geen organisasie, geen hiërargie, geen geboue, geen spesifieke klere, geen heilige dae, geen vormgodsdiens nie, maar net geloof in God en 'n afwagting vir sy koninkryk om te kom terwyl die evangelie vertel word, maar hier verander alles drasties.

~``~~``~~``~~``~~``~~``~~``~

# 002 - Die onafwendbare verandering van Christen geloof na Pagan geloof (21-04-2024)

- Die keiser is die hoogste gesag in die Romeinse Ryk en hy word ‘n Christen en verander die status van die Christelike geloof, gelyk aan die amptelike Pagan godsdiens.
- By Konstantin was daar geen wedergeboorte nie, geen berou en bekering nie, maar bloot net die inkorporering van nog ‘n god in die godsdiens van die Romeinse Ryk.
- Amptenare van die Romeins-Pagan godsdiens was vergoed deur die Romeinse regering en het sekere voordele in die gemeenskap gehad. Nou was die Christelike geloof deel daarvan, maar daar was geen struktuur om die bediening van die godsdiens waar te neem nie.
- Daar was nie priesters nie, daar was ook nie ‘n hoofpriester soos die “Pontifex Maximus”, nie. Daar was geen tempels waar die god van die Christene kon bly nie.

## Daar was dus dringend aanpassings nodig van die Romeinse ryk af.

- Die Pagan godsdiens in die Romeinse Ryk was baie goed gevestig en het bestaande ordes en rituele gehad en ‘n uitgewerkte hiërargie. Dit was baie maklik vir hulle om die Christelike geloof in hulle bestaande godsdiens te inkorporeer.
- Christelike katedrale en tempels het oral opgeskiet en amptenare is aangestel om te help met die bediening van die Christelike godsdiens.
- Nuwe amptenare was in oorvloed, want die regering betaal amptenare vir hulle dienste en elke Pagan was bereid om in die Christelike bediening in te gaan.
- Die ware gelowige Christen het homself dadelik gedistansieer van hierdie nuwe beweging, maar die voorspoed van hierdie nuwe beweging was onbetwisbaar, want dit was ondersteun deur die hoogste gesag op aarde.

## Die Christelike godsdiens word later die enigste en verpligte godsdiens

In die tyd van keiser Theodosius (380Nc.) kom die grootste spyker in die Christelike gemeente se kis. Hy ag die Christelike geloof nie net as een van die amptelike godsdienste van die Romeinse Ryk nie, maar hy maak dit die enigste amptelike godsdiens. Niemand het dus ‘n ander keuse gehad as om die god van die staat te aanbid nie.

Nadat die Christelike geloof deel van die godsdienste van die Romeinse Ryk geword het, het daar geweldig baie verandering plaasgevind. Meeste van hierdie veranderinge was deur Pagan gelowiges gedoen, wat gehelp het om die Christelike godsdiens te inkorporeer in die Romeinse ryk. Hulle het dit aangepas by die Romeinse Ryk en nie die Romeinse Ryk aangepas by die Christelike geloof nie.

## Let op hoe baie Pagan godsdiens ooreenstem met ons eie Godsdiens:

1. Die Romeine was nie gelowiges nie en het geen verhouding met hulle gode gehad nie. Die rede waarom hulle gode vereer het, was ter wille van beskerming en voorspoed en oorwinning en vrugbaarheid en al sulke bonatuurlike dinge te verkry, tydens hulle aardse bestaan.
2. Die groot gode was deur die priester in die tempels vereer, terwyl elke huis sy eie huisgode gehad het. Die gewone mens het geen verband tussen homself en Jupiter getrek nie en hy het Jupiter ook nie aanbid nie. Elke gesin het deur oorlewering sy eie gode gehad wat hulle vereer het. Hierdie gode was gewoonlik iemand uit hulle voorgeslag wat iets uitsonderliks bereik het en dan verafgod was. Na sy dood word hy 'n god en beskerm dan sy familie.
3. Hierdie verering van hulle gode was nie aanbidding nie, maar verering. Daar was geen geloof ter sprake nie en dit was vir die Romeine bygelowig as iemand emosioneel raak oor sy god se verering. Daar was ook geen voorskrif deur die Pagan godsdiens van hoe so 'n huisgod vereer moes word nie, maar dit was deel van die oorlewering van die voorgeslagte. Die presiese volg en uitvoer van die oorgelewerde voorskrif was egter baie streng en daarvan mag nie afgewyk geword het nie. Indien die ritueel 'n seker tipe wyn of meel voorgeskryf het, moes dit streng nagekom word en 'n alternatief was buite die kwessie.
4. Hierdie godsdiens het dus bestaan uit rituele wat op onemosionele wyse en op streng voorskrif van oorlewering gedoen was. Die doel van die verering was om bonatuurlike gawes van die god af te ontvang en na die gesin se welsyn om te sien. Daar was 'n afgesonderde plek in die huis waar daardie god gebly het en waar hy vereer was.
5. Wanneer dit by die groot gode gekom het was hulle slegs deur die aangestelde priester vereer en dit het in die tempel gebeur omdat die god in daardie tempel gebly het. Daar was ook rituele waardeur die groot gode vereer was en dit het ook deur oorlewering gekom en moes streng uitgevoer word. Hierdie groot gode het omgesien na 'n volk en nie 'n huisgesin nie. Ook was hier geen sprake van geloof in 'n god nie, of 'n verhouding met 'n god nie, maar bloot net dinge wat gedoen moet word, sodat hulle die guns van die god kan kry.

Met hierdie duisend jaar se agtergrond van Pagan godsdiens, het die Christelike geloof nou die amptelike godsdiens van die Romeinse Ryk geword. Die Romeine het nie almal verander en Christene geword nie, maar die Christelike geloof het Pagan geword. Dit was en is nie moontlik om almal wat in die Romeinse ryk is (1miljoen volwassenes) te

verander van afgodeaanbidders tot oortuigde, wedergebore gelowiges in Christus, met ‘n liefdesverhouding met Hom, bloot net omdat die keiser ‘n verklaring gemaak het nie.

Wat nog meer druk op die ware Christelike geloof geplaas het, is dat hierdie Christelike godsdiens van die Romeinse Ryk nou die enigste wettige godsdiens was en dat enige ander aanbidding verbied was. Pagans mag nie meer Pagan wees nie, maar moet nou Christene wees. Die natuurlike verloop van transformasie het veroorsaak dat “Christen” en “Pagan” dieselfde betekenis gehad het. Christelike godsdiens word Pagan godsdiens bloot net omdat die Pagan godsdiens duisend maal sterker was as die Christen geloof.

Tempels en katedrale is die noodwendige gevolg. Hiërargie moet gebeur, want hoe gaan orde gehandhaaf word in so ‘n enorme organisasie? Wie is dan nou in beheer van hierdie organisasie en wie dui die rigting aan? Hierdie is nou nie meer onbelangrike mense wat op lukraak geleenthede bymekaar kom in mense se huise nie, maar hierdie het nou betrekking op die ganse mensdom onder die regering van die Romeinse Ryk. Maak ‘n plan, maak dit werk, want dit is nou julle enigste opsie, di’s die amptelike geloof.

Weg is die aanbidding, want ‘n Pagan sien dit as bygelowigheid. Weg is die verhouding met God, want Pagans het nie verhouding met hulle gode nie. Wie in die kerk is die hoofleier?, die Pontifex Maximus. Die hoofpriester van die Pagan godsdiens was die Pontifex Maximus en nou is die hoof van die Christelike kerk die Pontifex Maximus. Vandag is die hoof van die Romeinse kerk nog steeds die Pontifex Maximus. Priesters van die Pagan godsdiens word vervang met priesters van die Christelike kerk. In meeste gevalle was die ou en die nuwe priester dieselfde persoon.

Priesters moet ‘n gesagstruktuur hê en daarom word biskoppe aangestel met die pous as hoof van die kerk. Beelde van die Pagan gode kry nuwe name en soms nuwe beelde en Zeus word Apollos en Apollos word Petrus. Petrus se beeld is tot vandag een van die gewildste items in die kerk in Rome.

Was dit nie vir die woorde van Christus self nie, sou hierdie situasie seker die ondergang van die ware gemeente beteken het. ***Matthéüs*** *16:18 En Ek sê ook vir jou: Jy is Petrus, en op hierdie rots sal Ek my gemeente bou, en die poorte van die doderyk* ***sal dit nie oorweldig nie****.*

Dit is en was die perfekte plan van die Satan om die lig van God se Woord dood te maak. Kaap die posman en sy briewetas en sit jou eie briewe, met jou eie boodskap en stuur jou eie posman. Ons moet agterkom dat ons posman verander is en nie die briewe bring wat God gestuur het nie, maar die briewe van Satan.

Die krag van die keiser word al minder en die gesag van die Romeinse Ryk verskuif stelselmatig na die pous, die hoof van die kerk. Stelselmatig word verderflike ketterye heimlik ingevoer tot voordeel van die kerk en nadeel van die hoorder. Om toegang tot die Bybel te voorkom, word alle weergawes wat nie in Latyn is nie verbied. Meeste mense was nie Latyn magtig nie en moes net die woorde van sy priester aanvaar.

Gewone mense, en selfs priesters, kan nie die Skrif uitlê nie en net die Pous mag dit doen. Niemand mag met die pous verskil nie.

Dit is die begin van die donker eeue. Die kerk neem beheer oor almal se denke. Die pous se mag word goddelik, want hy kan mense tot die hel veroordeel, of tot die hemel toelaat. ‘n Vrees vir hom hang oor alle konings, vorste, grondeienaar, asook slawe. Niemand kom in opstand teen die pous en teen die kerk nie. Alle konings onderwerp hulle aan die gesag van die pous, omdat hy hulle met die hel kan dreig. Die keiser van die Romeinse Ryk bestaan nie meer nie, maar lank lewe die pous wat die heerskappy van die Romeinse Ryk voortsit.

***Openbaring** 13:1-4 En ek het ‘n dier uit die see sien opkom met sewe koppe en tien horings, en op sy horings tien krone en op sy koppe ‘n naam van godslastering. 2 En die dier wat ek gesien het, was soos ‘n luiperd, en sy pote soos dié van ‘n beer, en sy bek soos die bek van ‘n leeu; en die draak het hom sy krag gegee en sy troon en groot mag.*
*3 En ek het een van sy koppe gesien net of dit dodelik gewond was, en sy dodelike wond is genees. En die hele wêreld het verwonderd agter die dier aan gegaan. 4 En hulle het die draak aanbid wat die dier mag gegee het, en die dier aanbid en gesê: Wie is aan die dier gelyk? Wie kan teen hom oorlog voer?*

Duisend vyfhonderd jaar na Christus kom Martin Luther op die toneel. Hy is soos enige ander persoon ‘n toegewyde kerkmens, want di’s die enigste opsie wat daar was. Ander mense het al die kerk bevraagteken, maar nadat hulle as ketters verklaar was het hulle op die brandstapel beland, want die kerk duld geen opposisie nie. Daar bestaan geen godsdiensvryheid nie en alle lande se konings forseer die Romeinse Kerk se godsdiens af.

Luther was ‘n student op pad terug stad toe na ‘n vakansie by die huis, toe hy deur ‘n geweldige donderstorm oorval was en hy gevrees het vir sy lewe. Tydens sy pleit vir sy lewe beloof hy aan sy eie gesin se huisgod dat hy sy lewe sal afsonder vir die kerk.

Hy verlaat die universiteit en word deel van ‘n baie streng monnik-orde. Omdat hy so ‘n noue ontkoming van die dood ervaar het, verlaat daardie benoudheid hom nooit nie en hy vrees die dood omdat hy nie weet wat met hom gaan gebeur as hy sou sterf nie. ‘n Geweldig soeke na verlossing oorval hom en hy doen alles waarvan hy weet om die hel vry te spring.

Omdat hy so toegewyd aan die kerk is en sy erns vir almal opsigtelik is, word hy na Wittenberg gestuur om by hulle universiteit te studeer. Hy was reeds ‘n priester van die kerk, maar na ‘n kort tydjie word hy ‘n professor by Wittenberg Universiteit. Sy soeke het egter nooit opgehou nie en volgens die voorskrif van die kerk, bely hy vier keer ‘n dag sy sonde voor die priester, maar soms op pad terug van die belydenis af gaan hy alweer terug, want hy twyfel in sy eie opregtheid tydens sy belydenis en vrees dat hy dalk nie vergewe is nie.

By Wittenberg was hy die eerste keer blootgestel aan die Nuwe Testament en hoewel hy al ‘n priester in die kerk was, het hy geen kennis van die evangelie van verlossing gehad

nie. Die rituele van die kerk en die sakramente was veronderstel om sy saligheid te bewerk, maar toe lees hy iets in die nuwe testament wat sy lewe verander. ***Hebreërs*** *10:38 Maar die regverdige sal uit die geloof lewe; en as hy hom onttrek, het my siel geen welbehae in hom nie.*

Luther besef dat daar groot misleiding in die kerk is en dat regverdigmaking nie is wat hy en die res van die kerk aan die lede verkondig nie. Terwyl hy nog 'n priester in die kerk is, skryf hy verskeie boeke oor misleiding en waarheid. Hy spyker ook sy 95 stellinge op die deur van die universiteit vas. Die doel van hierdie stellinge was ter bespreking van die studente by hulle volgende byeenkoms, maar hierdie stellinge se tydsberekening was anders as vorige stellinge.

Hierdie 95 stellinge het ook soos die voriges gegaan oor die vergrype van die kerk en verkeerde leringe, maar hierdie stellinge was teen die deur geplaas net toe die drukpers uitgevind was. Van Luther se studente het sy stellinge in Duits vertaal en dit deur 'n drukpers gesit en menigte afskrifte gemaak wat hulle onder die publiek versprei het.

Die gevolg van hierdie klein aksie is wat ons vandag ken as die "hervorming". Luther het dit nie beplan nie en hy het ook nie in opstand teen die kerk gekom nie, maar nadat die publiek gehoor het wat Luther sê, het hulle begin vrae vra oor die kerk. Luther word bekend deur die hele kerk en trek selfs die aandag van die pous. Sy doel is nie om die kerk te veg nie, maar te hervorm. Hy het net nie besef hoe ver die kerk van die oorspronklike gemeente in die bovertrek was nie.

Later kom hy tot die gevolgtrekking dat hervorming buite die kwessie is en verlaat die kerk. Die lewe van daardie tyd was totaal anders as ons tyd en ons verstaan soms nie wat by hulle gebeur het nie, omdat ons die gebeure aan ons omstandighede meet. Daar was in hulle tyd geen godsdiensvryheid nie, maar die staat het vir alle mense voorgeskryf wat hulle mag en moet glo. In Luther se tyd was dit die Romeinse Kerk. Selfs ateïsme was nie 'n opsie nie.

Nou is Luther as 'n ketter verklaar en die kerk vervolg hom. In Duitsland het hy geweldig baie steun, maar almal word deur die owerhede verplig om in die kerk te wees en te ondersteun wat hulle sê. 'n Burgeroorlog gebeur in Duitsland. Die regering, wat die kerk en sy lering voorskryf, veg teen hulle wat protesteer teen die kerk, daarom noem ons hulle protestante. Om weer vrede te kry besluit die verskillende prinse van die verskillende provinsies om elke provinsie die vryheid te gee om self te kies tussen Romeins-Katoliek of Protestant.

Dit veroorsaak 'n sekere mate van godsdiensvryheid, maar beperk tot twee keuses en daardie keuse word ook vir die burgers van die provinsie gemaak. Die Romeins-Katolieke keuse is makliker as die Protestantse, want die prins van elke staat wil nie noodwendig die kerk herontdek nie. 'n Alternatief vir die Romeinse Kerk moet gou gekry word en dit het die Lutherse Kerk tot stand gebring. Die regering van die prins verwag ook nie 'n los manier van aanbidding nie, maar 'n struktuur met ordes en dissiplines.

Wat volg is ongelukkig nie dit wat Christus aan sy dissipels oorgelaat het nie, maar bloot net ‘n alternatief tot die Romeinse godsdiens.

Luther verminder die sewe sakramente van die Romeinse Kerk na drie, maar los die doop van die Romeinse Kerk onveranderd. Nagmaal bly ‘n sakrament, maar hy verklaar nie dat die broodjie letterlik in die liggaam van Christus verander nie. Verder hoef mense nie hulle sonde voor ‘n priester van die kerk te bely nie, en verlossing is nie net in, en deur die kerk nie.

Hierdie gebeure in Duitsland het die hele wêreld aan die gons en al meer mense begin die kerk bevraagteken. Baie lande en stede verander na Protestantisme, maar omdat dit vreemd en onbekend is, vind baie geledere dit moeilik om te verander. Baie lande se konings vind die verandering vreemd en soms selfs verkeerd en verbied dit. Ons moet onthou dat godsdiensvryheid nie bestaan het nie en dat die kerk wat jy dien, die kerk is wat vir jou voorgeskryf was.

Die Franse koning het Romeins-Katoliek gekies en die burgers moes dit ook kies. Die Engelse koning het ‘n argument met die pous gehad en sy eie kerk “Anglikaans”, begin en die burgers van Engeland moes verander. Switserland het gehink op twee gedagtes en was oop vir voorstelle. Spanje was fanaties Romeins-Katoliek en het ander gelowe uitgeroei. Holland het Protestantisme gekies en was daardeur vir tagtig jaar in oorlog met Spanje.

~``~~``~~``~~``~~``~~``~~``~

# 003 Die doel van die Gemeente en Calvyn se invloed. (28-04-2024)

- Gaan heen en maak dissipels en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. *Matt. 28:19*
- Die Liggaam van Yahshua was dus ‘n middel tot ‘n doel en die Liggaam was nie die doel nie.
- Die Rooms-Katolieke Kerk is die doel en meeste kerke vandag is die doel van die gelowiges.
- Iemand wat ‘n dissipel word, moet oorgaan van die koninkryk van duister na die Koninkryk van lig.
- Hy moet sekerheid hê oor sy geregtigheid in Yahshua en sy reg om in die Koninkryk van God in te gaan.
- Het die Rooms-Katolieke Kerk daarin geslaag? Het die Protestantse kerke daarin geslaag? Slaag die kerke van vandag daarin?
- Watter kerklidmaat weet of hy gered is en op grond waarvan is hy gered? Word die weg na die Koninkryk van God verkondig volgens die enigste smal weg, of hou

ons net kerk, want dit is ‘n bevrediging van die vlees en ons voel goed oor onsself as ons byeenkomste bywoon?

- Die enigste manier hoe ons kan oorgaan van die koninkryk van duisternis na die Koninkryk van Lig, is om die Woord van God hoor, en al hoe ons die Woord kan hoor, is as iemand dit verkondig. Doen kerke dit, of bestaan byeenkomste net uit rituele en sogenaamde lofprysing?
- Ons kan die evangelie van verlossing verkondig sonder ‘n kerk en ‘n preekstoel, maar ons kan nie die evangelie van verlossing verkondig met ‘n kerk, sonder die evangelie van verlossing nie. Ons kan dus kerk hou, maar sonder om die doel te bereik.

## **Hoekom is ons dan so bang om die kerk te verlaat?**

1. Ons is geleer deur oorlewering dat verlossing binne die kerk geskied
2. Ons soek ‘n middelaar tussen ons en YHWH en die kerk vervul daardie rol. Christus is egter ons Middelaar en niemand anders nie. As iemand anders as Christus daardie rol sou vervul, is hy die Antichris (in die plek van Christus). Ons wil nie direk met God praat nie en ons wil nie direk by Hom hoor nie, daar moet iemand tussen ons en Hom wees en dit is ons Dominee, Pastoor, Priester, Oudste, ens. My liefde gaan na my kerk, my offers gaan na my kerk, my lojaliteit gaan na my kerk, maar ek ken God nie.

## **Calvyn dra geweldig baie by tot vormgodsdiens en die vorming van die Protestantse Kerk:**

Calvyn was ‘n student aan ‘n universiteit in Frankryk. Hy het gehoor van protestantisme en het dit baie interessant gevind. Sy pa was ‘n opsigter in die Romeinse Kerk en Calvyn was bekend met die leringe van die kerk. Op Universiteit het hy baie gesprekke en aanbiedinge oor- en van die protestantse alternatief bygewoon en het oortuig geraak dat hulle siening meer reg is as die van die kerk. In daardie tyd het die verdraagsaamheid teenoor protestante in Frankryk begin verander en hy het besluit om liewer die land te verlaat.

Sy plan was om Duitsland toe te gaan, want daar is die bron van protestantisme, sodat hy hom meer daarmee kan vergewis. Op pad Duitsland toe slaap hy oor in Genève, Switserland, en ‘n protestantse kennis van hom oortuig hom om daar te bly en hulle geestelike leier in hulle nuutgevonde protestantse stad te word. Die stadsraad besluit watter godsdiens die stad handhaaf en die stadsraad stel ook die amptenare aan. Hulle was vir honderde jare gewoond aan die Romeinse Kerk en nou het hulle ‘n Protestantse Kerk, maar hulle is onkundig en onbeholpe met die uitvoering en aanbieding van die praktiese.

Calvyn blink uit in die ontwerp en praktiese uitvoering van ‘n Protestantse alternatiewe Kerk in plek van die Romeinse Kerk. Hy is bekend vir sy Institusies wat hy geskryf het, wat as ‘n riglyn funksioneer vir enige Protestantse Kerk. Hiervolgens verklaar hy die Bybel aan, en vir sy volgelinge. Tot vandag toe is hy een van die mense met die meeste invloed in Protestantse Kerke. Daar word egter steeds onderskeid gemaak tussen Protestantisme en Calvinisme.

## Die toestant was nou as volg:

‘n Skot moes ‘n Calvinis wees, ‘n Brit moes ‘n Anglikaan wees, ‘n Fransman moes ‘n Romeins-Katoliek wees en ‘n Duitser kon kies tussen Romeins-Katoliek en Lutheraan, afhangende wat sy prins gekies het. Wat ‘n toestand! Niemand se godsdiens is gebaseer op oortuiging nie, maar bloot die aanhang en ondersteuning van ‘n organisasie wat deur sy regering vir hom aangewys was.

Die hervorming van die Romeinse-Katolieke Kerk het dus nie veel gevorder van waar die Romeinse Kerk was nie, en die Romeinse Kerk was ‘n aangepaste Pagan godsdiens.

## Geen een van die protestantse kerke het hierdie volgende verse in die Bybel gelees en dit verstaan nie:

*Johannes 3:1-12 En daar was ‘n man uit die Fariseërs met die naam van Nikodémus, ‘n owerste*
*van die Jode. 2 Hy het in die nag na Jesus gekom en vir Hom gesê: Rabbi, ons weet dat U ‘n leraar*
*is wat van God gekom het, want niemand kan hierdie tekens doen wat U doen as God nie met hom is*
*nie. 3 Jesus antwoord en sê vir hom: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand* ***nie weer***
***gebore word nie****, kan hy die* ***koninkryk van God nie sien nie****. 4 Nikodémus sê vir Hom: Hoe*
*kan ‘n mens as hy oud is, gebore word? Hy kan tog nie ‘n tweede keer in die skoot van sy moeder*
*ingaan en gebore word nie? 5 Jesus antwoord: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand* ***nie***
***gebore word uit water en Gees nie****, kan hy* ***in die koninkryk van God nie ingaan nie****. 6*
*Wat uit die vlees gebore is, is vlees; en wat uit die Gees gebore is, is gees. 7 Moenie jou verwonder*
*dat Ek vir jou gesê het, julle* ***moet weer gebore word*** *nie. 8 Die wind waai waar hy wil, en jy*
*hoor sy geluid, maar jy weet nie vanwaar hy kom en waarheen hy gaan nie. So is elkeen wat uit die*
*Gees gebore is. 9 Nikodémus antwoord en sê vir Hom: Hoe kan hierdie dinge gebeur? 10 Jesus*
*antwoord en sê vir hom: Jy is die leraar van Israel en jy weet hierdie dinge nie? 11 Voorwaar,*
*voorwaar Ek sê vir jou, ons spreek wat ons weet en ons getuig van wat ons gesien het, en julle neem*
*ons getuienis nie aan nie. 12* ***As Ek julle van die aardse dinge vertel en julle nie glo nie,***
***hoe sal julle glo as Ek julle van die hemelse vertel?***

*Handelinge 2:37-40 Toe hulle dit hoor, is hulle diep in die hart getref en het vir Petrus en die ander*
*apostels gesê: Wat moet ons doen, broeders? 38 En Petrus sê vir hulle:* ***Bekeer julle, en laat***
***elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van***
***sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang****. 39 Want die belofte kom julle*
*toe en julle kinders en almal wat daar ver is, die wat die Here onse God na Hom sal roep. 40 En*
*met baie ander woorde het hy hulle besweer en vermaan en gesê: Laat julle red uit hierdie verkeerde*
*geslag.*

*Johannes 18:36-38 Jesus antwoord:* ***My koninkryk*** *is* ***nie van hierdie wêreld nie****; as my koninkryk van hierdie wêreld was, sou my dienaars geveg het, dat Ek nie aan die Jode oorgelewer word nie. Maar nou is my koninkryk nie van hier nie. 37 Pilatus sê toe vir Hom: Is U dan tog 'n koning? Jesus antwoord: U sê dat Ek 'n koning is.* ***Hiervoor is Ek gebore en hiervoor het Ek in die wêreld gekom, om vir die waarheid te getuig****. Elkeen wat uit die waarheid is, luister na My stem. 38 Pilatus sê vir Hom: Wat is waarheid? En toe hy dit gesê het, gaan hy weer uit na die Jode en sê vir hulle: Ek vind geen skuld in Hom nie.*

Die Romeins-Katolieke Kerk en die Protestantse Kerk was vir- en van hierdie wêreld. Die heersers het die mense net toegelaat om een van die twee te kies, dus was hulle albei vir hierdie wêreld, omdat hulle goedgekeur was deur die heersers van die wêreld. Yahshua het nie deel van die Romeinse Ryk geword nie, maar die kerk het.

~``~~``~~``~~``~~``~~``~~``~